WEA
World Evangelical Alliance
Theological Commission

WEA Theological Commission

Promoting Biblical Truth by Networking Theologians

http://www.worldevangelicalalliance.com/commissions/tc

Executive Director: Rev Dr David Parker, 17 Disraeli St, Indooroopilly, Qld, Australia 4068
Phone (+61 7) 3878 3178 Mobile (+61) 0404083108 E-mail: tc@worldevangelicalalliance.com

'n Verklaring op Evangeliese Sosiale Verbintenis

Die Philadelphia Verklaring, Augustus 2007

Hierdie verklaring is deur die deelnemers aan 'n mini-Konsultasie op geloof, voorsiening en politiese betrokkenheid op 31 Julie, 2007 by Palmer (Eastern Baptist) Theological Seminary, Philadelphia, VSA voorberei. Die konsultasie is deur die Teologiese Kommissie van die Wêreld Evangeliese Alliansie aangebied wat hierdie kort opsomming van die besprekinge uitgereik het.

Die Heerskappy van Christus en Politieke en Siviele Verbintenis

Die belydenis 'Jesus is Here' het onmiddelike politiese implikasies vir die getuienis van die kerk in die wêreld. Dit is net so waar vandag as wat dit was in die tyd van die vroeë kerk toe 'n verklaring dat 'Jesus is Here' 'n uitdaging was vir die idee dat Caesar Here was. 'n Geloofwaardige erkenning van die Heerskappy van Christus beteken om Hom as Here van Alles te sien. Hy is nie net 'my Here' of selfs net die Here van die kerk nie. Eerder, Hy is die Here van die hele skepping wat alle sosiale en politieke ryke, regerings en strukture van alle nasies insluit. Die Heerskappy van Christus verskaf die fundamentele rede vir Christen betrokkenheid in sosiale, siviele en politieke sake. Gevolglik is beide evangelisasie en sosiale aksie onontbeerlike dimensies van die evangelie van Jesus Christus.

Die koninkryk (of 'die heerskappy') van God, wat Jesus verkondig, is 'n geestelike entiteit wat bestaan waarookal God gehoorsaam word. Die koninkryk van God is nie 'n geografiese of politieke koninkryk nie, maar dit het 'n diepgaande inwerking op sekulêre, nasionale en politiese sfere van die lewe. Christene bid in nederigheid vir die Vader 'laat u koninkryk kom, u wil geskied, op aarde soos in die hemele.'

Die Voorsiening van God

Ons vertrou in die soewereiniteit van God – Vader, Seun en Heilige Gees – oor die hele wêreld. Volgens Sy wysheid en voorsienigheid, gebruik God regerings om kwaad teen te staan en sy skepping in goeie orde te bewaar. Met versekering van God se voorsienigheid en wetende dat God in totale beheer is van alle dinge is dit 'n groot vertroosting in die lig van alle persoonlike en politieke moeilikhede en konflik. Dit is aanmoedigend om te weet dat ten spyte van die probleme en beperkinge van ons menslike natuur en ons sosiale omstandighede, kan God selfs kwaad gebruik vir goed (Genesis 45:4-15). Alle lewe bestaan onder die voorsienigheid van God wat alle politiese stelsels relatief maak.

'n Korrekte bewustheid van die voorsienigheid van God wat bewaar, beskerm en menslike lewe en gemeenskap vergroot, skep 'n gesindheid van nederigheid aangaande ons eie vermoëns en dien om ons te herinner dat God vir alle mense sorg – want almal dra die beeld van God. Dit is daarom belangrik, om aan ander eer te toon eerder as om te verduiwel, om onnodige pessimisme aangaande die morele toekoms van die wêreld te vermy en te soek vir eenstemmigheid aangaande sosiale en politieke lewe met almal wat vrede en die gemeenskaplike welsyn soek.

Die Kerk en Sosiale Hervorming

Die kerk van Jesus Christus bestaan as 'n lig vir die wêreld' (Matt 5:14). Dit behoort nie slegs politieke kritiek te lewer nie, maar ook 'n kreatiewe oorsprong wat die vorm van die gemeenskapslewe vorm. Alhoewel kulturele, sosiale en politieke vorms baie wissel, is Bybelse beginsels altyd van toepassing. Christene word uitgedaag in Jeremia 29:7 "Bevorder die belange van die stad", en maak 'n bydrae tot die gemeenskap.

In baie gemeenskappe is daar 'n baie sterk geskiedenis van 'n positiewe evangelisasie rol met die gemeenskap en dit is ons verantwoordelikheid om dit nog steeds te bevorder.

Evangeliese teologie bring die persoonlike verhouding met God in Jesus Christus baie sterk na vore en sien die verandering in indiwidue as ‘n vername deel in die verandering in die wêreld. Alhoewel, die denke van ‘n suiwer private geloof wat net indiwiduele of net die familielewe raak en geen wyer implikasie vir die gemeenskap het nie, moet geheel en al verwerp word as onvoldoende.

As gelowige mense vertolk ons alles in die lig van God se bekwame oorsig vir die goeie. In dié hoop staan ons vas in die moeilikste omstandighede, met die geloof om dit te doen wat reg is terwyl ons geduldig die duiwel weerstaan.

Terwyl ons vashou aan die beginsels van geloof, hoop en liefde, bevestig ons Christelike betrokkenheid in die politieke prosesse in die plaaslike gemeenskappe, nasies en op internasionale vlakke en moedig ons Christene aan om professies te soek waardeur hulle in die politieke en sosiale sphere kan dien. Ons is bewus dat die veranderinge wat in ons moderne wêreld voorkom met wysheid aangespreek moet word. As Christene en burgers van spesifieke nasies staan ons vir vryheid, geregtigheid vir die armes, vrede, huwelike, die familie, die heiligheid van die lewe en rasse regverdigheid.

Ons herken dat die proses waardeur dit gaan baie belangrik is, en dat die wyse waarop die probleme en die oplossings voorgestel word, nie die waardes waarop ons prioriteite gebaseer is, moet teenstaan nie. Ons glo dat ons deelname een van regmaak en genesing moet wees plaaslik, nasionaal en internasionaal.

‘N BEROEP OP KONINKRYK LEEFWYSE

Ons glo dat God se openbaring onwrikbaar die waarheid is; tog is ons begrip van die waarheid gedeeltelik en eensydig. Gevolglik, in die beoefening van ons politieke verantwoordelikhede, glo ons dit is belangrik om die taak met respek te benader, bereidwillig wees om te luister en te leer van ander buite ons geloofs- en teologiese grense .

Daar is verskillende tipe regerings, kontekste en plaaslike aangeleenthede wat ‘n uitwerking het op die inwerkingstelling van die regering van Jesus Christus en dit is belangrik vir Christene vanuit verskillende nasionaliteite en politieke oortuigings om in gesprek met mekaar te verkeer aangaande hierdie verskille. Daar is belangrike areas in meeste gemeenskappe waar die volgelinge van Jesus Christus moet bid en werk vir die koninkryk soos in mense regte, geloofsvryheid, te werk teen korrupsie, geweld en oorlog, verligting van armoede, om die familie en die heiligheid van lewe te beskerm, en om vir die natuur om te gee.

Die kerk, as die primêre gemeenskap waarin die koninkryk van God geopenbaar word, behoort die grasievolle beginsels van daardie koninkryk uit te lewe en getuienis te lewer in lewenswyse, woord en daad, van die mag van die evangelie om lewens en gemeenskappe verander. Ons Evangeliese Christene moet berou hê oor ons mislukking om as ‘n gemeenskap van geloof sò te lewe sodat ons die koninkryk van God demonstreer. Ons moet onsself beywer dat ons in die normale lewe van geloof so lewe dat dit sal lei tot transformasie in die wêreld waarin ons lewe.

Soos die kerk die koninkrykslewe uitleef kan dit lei tot ‘n voorbeeld vir die gemeenskap waarin ons lewe en ‘n inpak maak op politiese vlak. Die kerk moet nie politiese mag gebruik om haarself te beskerm nie, maar behoort die voordeel vir die gemeentskap waarin hy lewe met nederigheid te soek, in die gees van eenheid.

Indiwidue, groepe, gemeentes en nasionale alliansies word beroep om deel te neem in dade en programme wat beoog om sosiale euwels te bowe te kom en welsyn te bevorder. Ons bevestig die werk van die “World Evangelical Alliance” in verskillende areas van sosiale en politieke aksies en let spesifiek op na die potensiaal van die “Public Policy Project” wat daarop gemik is om die nasionale evangelisasie alliansie/genootskappe by te staan in die ontwikkeling van ‘n evangelistiese benadering tot politieke en burgerlike verbintenis.

Om die verantwoordelikheid te beoefen in die gemeenskap wat die grondbeginsel is tot die sending van die Kerk, neem ons nie net aan dat alles op die aksie van die kerk in die wêreld berus nie. Gevolglik, beoefen die kerk nie net sy sosiale verantwoordelikheid by direkte aksie in die wêreld nie, maar ook met sy getuienis van die verlossende werk van Christus en sien ook daarna uit na SY vervolmaking van alles in Christus.

© WEA Theological Commission

The Theological Commission , (established 1974), is part of the World Evangelical Alliance and exists 'to promote biblical truth by networking theologians to serve the church in obedience to Christ.' It works through consultations, publications, study units, task forces, dialogue groups and personal links. It publishes Evangelical Review of Theology *(ERT),* WEA Theological News *(print & electronic) the Theological Resource Library CD-ROM (containing all issues of ERT and other TC publications plus public domain material) and is the sponsor of an electronic forum for theologians. The TC is managed by an international core group. Individuals, colleges, seminaries, churches, theological associations and national fellowships are invited to participate through our global membership scheme (annual subscription) which includes access to all TC activities and subscriptions to ERT, TN and electronic lists.*